
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2025

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C√ | (1) |
| | 1.1.2 | A√ | (1) |
| | 1.1.3 | B√ | (1) |
| | 1.1.4 | C√ | (1) |
| | 1.1.5 | C√ | (1) |
| | 1.1.6 | A√ | (1) |
| | 1.1.7 | D√ | (1) |
| | 1.1.8 | A√ | (1) |
| | 1.1.9 | A√ | (1) |
| | 1.1.10 | A√ | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | Politeïsme√ | (1) |
| | 1.2.2 | Afkoms/Stamboom/Nakomelinge√ | (1) |
| | 1.2.3 | Joga √ | (1) |
| | 1.2.4 | Theravada √ | (1) |
| | 1.2.5 | Panteon/Godedom√ | (1) |
| | 1.2.6 | Kosmologie √ | (1) |

1.3 1.3.1 Sudra√
Die ander is Islamitiese konsepte.√ Die ander is die Vyf Pilare van Islam (2)

1.3.2 Mikvah√
Die ander is konsepte in Boeddhisme.√ (2)

1.3.3 Ateïsme√
Die ander het te doen met geloof/oortuigings in 'n God of gode.√ (2)

1.3.4 iSangoma√
Die ander is name wat na 'n Opperwese verwys. / Die ander is gode√ (2)

1.3.5 Karma√
Die ander is uit die vier klasse van Hindoeïsme/Die ander is die kaste/klasstelsel volgens Hindoeïsme.√ (2)

**LET WEL: Gee die kandidate krediet indien die korrekte woord in plaas van die letter verskaf is.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.4 | 1.4.1 | G√ | (1) |
| | 1.4.2 | F√ | (1) |
| | 1.4.3 | D√ | (1) |
| | 1.4.4 | A√ | (1) |
| | 1.4.5 | C√ | (1) |
| | 1.4.6 | B√ | (1) |



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.5 1.5.1 Waar √√ (2)

1.5.2 Onwaar√
- Dogma verwys na 'n stel oortuigings wat as absoluut waar en gevestig beskou word. √
- 'n Leerstelling/Doktrine is 'n stel oortuigings/beginsels.√ (2)

1.5.3 Onwaar√
- In Afrika Tradisionele Godsdiens, toe die eerste geslag gesterf het, het hulle geeste by die geesteswêreld waar die Skepper woon, aangesluit / hulle het voorouers en boodskappers van God geword. √
- Die leerstelling/doktrine van die hemel word in die Abrahamitiese godsdienste gevind.√ (2)

1.5.4 Onwaar√
- Die hervorming in die kerk is deur Martin Luther, die Duitse priester, begin. √
- Martin Luther King Jnr. was 'n Amerikaanse menseregteaktivis.√ (2)

1.5.5 Onwaar√
- Kosjer is dit wat in Judaïsme toelaatbaar is.√ (2)

1.5.6 Onwaar√
- Bahá'u'lláh is die stigter van die Bahá'i-geloof. √
- Siddhartha Gautama is die stigter van Boeddhisme. √ (2)

1.6 1.6.1 Verskille
- Dit beteken kenmerke wat godsdienste of mense onderskei. √
- Dit beteken 'om nie dieselfde te wees nie', 'andersheid' tussen godsdienste. √
- 'n Punt waar godsdienste nie dieselfde is nie. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry**.
Relevante voorbeelde wat die term illustreer, moet gekrediteer word.

1.6.2 Eenheid
- Waar twee of meer godsdienste saambestaan. √
- Harmonie/Ooreenstemming/Eenstemmigheid onder godsdienstige mense. √
- 'n Godsdienstige persoon vind eenheid met God/Opperwese deur gebed. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry**
Relevante voorbeelde wat die term illustreer, moet gekrediteer word.

1.6.3 Onsterflikheid
- Die oortuiging dat mense bedoel is om vir ewig te lewe. √
- Die oortuiging dat die siel van 'n mens na die dood bestaan. √
- 'n Oortuiging dat mense nie geskep is om te sterf nie, maar om vir ewig te leef. √ (2)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry**
Relevante voorbeelde wat die term illustreer, moet gekrediteer word

.

**TOTAAL AFDELING A: 50**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1

- Hulle glo dat hulle die nasie is wat deur God uitverkies is.
- God het Homself en Sy Wet aan die Jode onthul/bekend gemaak.
- Hulle glo dat die Messias sal kom en die wêreld saam met hulle sal regeer. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

2.1.2

- Hindoeïsme verkondig dat mense die oorsaak van alle boosheid is.
- By Hindoeïsme word die siel as ewigdurend en onveranderlik beskou.
- Hindoeïsme is die enigste godsdiens wat verklaar: 'Jy kan God wees.'
- Geloof in die siklus van dood en weergeboorte, d.i. reïnkarnasie. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry**

2.2 2.2.1

- Boeddhisme en Taoïsme glo nie aan die konsep van God(gode) of 'n Opperwese nie.
- Boeddhisme en Taoïsme glo nie aan lewe ná die dood nie.
- Hulle is beide godsdienste van die Verre Ooste.
- Hulle het beide heilige boeke. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry**

2.2.2

- Hulle glo beide aan die bestaan van 'n Opperwese.
- Hulle glo beide daar is lewe ná die dood.
- Hulle glo beide dat ons respek en empatie aan mense moet toon en diegene wat fisies, emosioneel en geestelik behoeftig is, moet help. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

2.3 2.3.1

- Dit beteken dat die godsdienste wat vergelyk word, eenders genoeg is om 'n regverdige vergelyking te maak.
- In 'n godsdienstige konteks het die godsdienste kenmerke wat algemeen is/ooreenkom.
- Bv. godheid kan in die Christendom en Afrika Tradisionele Godsdiens vergelyk word. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

2.3.2

- Dit is die nastreef van sosiale geregtigheid in Hervormde Judaïsme.
- Bv. mans en vroue wat saam bid in die sinagoge sonder afsondering. Daar is geslagsgelykheid. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

2.3.3

- Dit is 'n storie wat 'n morele/sedelike punt demonstreer.
- Hierdie stories is ontwerp om geestelike waarhede te onderrig.
- Bv. Die blinde man en die olifant in Boeddhisme. (4)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4
- Inkarnasie is die geloof dat God mens geword het.
- Bv. Jesus Christus is die inkarnasie van God in die Christendom.
- Opstanding is die handeling van iemand wat uit die dood opstaan/lewendig word.
- Bv. Jesus is dood en het ná drie dae uit die dood opgestaan. (8)

2.5
- Boeddha het geen goddelike eienskappe gehad nie.
- Hy het slegs die weg na nirvana getoon.
- Elke persoon is vir sy/haar eie geluk/ongeluk verantwoordelik.
- Daar is geen ingryping/intervensie (soos vergifnis, goddelike straf) deur 'n Opperwese nie. (6)

2.6

**Die studente-stadium**
- Om respek aan die onderwyser te toon.
- Om toegewyd/pligsgetrou/fluks/hard te studeer.
- Om nie seks voor die huwelik te hê nie en om nie alkohol, dwelmmiddels of tabak te gebruik nie.

**Die getroude, familie-stadium**
- Om jou huweliksmaat, kinders, bejaarde ouers en siek familielede te ondersteun.
- Om geld eerlik te verdien.
- Om rituele uit te voer en om feeste te vier.

**Die aftrede-stadium**
- Om tyd te bestee om geskrifte te bestudeer.
- Om te bid en jou kleinkinders op te lei.

**Die opsionele stadium**
- Die toegewyde persoon onttrek uit die samelewing.
- Gee alle besittings op en swerf.

**LET WEL: Enige TWEE van die bogenoemde moet krediet kry.** (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1
- Dit was om te identifiseer hoe groot die globale aptyt vir 'n uitgebreide bespreking van geloof op media-gebied is.
- Dit was om wêreldwye mediadekking van godsdiens te identifiseer. (2)

3.1.2
- Sy bedoel dat dekking van godsdienstige kwessies nie daarin slaag om werklike godsdienstige kwessies aan te pak/te oorbrug nie. In plaas daarvan fokus dit op sensasionalisme.
- Mediadekking misluk om aandag te gee aan die behoeftes van mense wat tot godsdienstig toegeneent (neig na) is nie. (2)

3.1.3
- Daar is 'n groeiende gaping tussen die dekking van godsdiens en die behoeftes van gelowiges.
- Daar is 'n wêreldwye begeerte na beter dekking, begrip en verteenwoordiging van geloofskwessies in die hoofstroommedia.
- Wêreldwye digitale nuus is van *clickbait en omstredenheid afhanklik. (6)

3.1.4
- Dit verwys na tradisionele vorme van massakommunikasie wat 'n groot gehoor bereik. (2)

3.1.5
- Harde stories kry meer belangstelling by die publiek as sagte stories.
- Die mediabedryf is 'n winsgedrewe besigheid en harde stories is meer winsgewend.
- Die gebrek aan kennis en vertroudheid van joernaliste met onderwerpmateriaal veroorsaak dat hulle kontroversiële/ omstrede stories verkies.
- Daar is beperkte ekonomiese hulpbronne vir joernaliste beskikbaar om godsdienstige kwessies te dek.
- Joernaliste is bang om godsdiensdekking in 'n sekulêre nuuskantoor 'reg' te kry. (8)

3.1.6
- Daar is min redaksionele steun vir verslaggewing oor godsdienstige sake.
- Hulle moet 'n balans kry tussen die behaag/bevrediging van redakteurs en die behaag/bevrediging van die godsdienstige gemeenskap.
- Daar word net oor godsdiens verslag gedoen as dit winsgewend is.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.1.7
- Negatiewe verslaggewing oor godsdiens lei tot paniek of onnodige vrees onder die publiek.
- Voortdurende blootstelling aan omstrede en skandalige stories kan die mate van angstigheid en depressie in die samelewing verhoog.
- Negatiewe verslaggewing kan geloof en ingesteldheid/houding teenoor godsdiens beïnvloed.
- Deur op omstredenheid te fokus, kan die media samelewingsverdelings skep.
- Godsdiens kan ondersteuning en vertroue deur die samelewing verloor.
- Voortdurende blootstelling aan skandale of ontstellende nuus kan die samelewing ongevoelig maak en dit kan hulle meer verdraagsaam teenoor skandale maak.
- Negatiewe verslaggewing oor godsdiens kan 'n pessimistiese of angstige wêreldbeskouing van godsdiens skep.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

3.2 **VOORDELE**
- Wanneer godsdienstige organisasies sosiale media gebruik, help dit die organisasie om 'n groter gehoor te bereik.
- Dit is 'n bekostigbare en doeltreffende bemarking- en promosiestrategie vir die organisasie.
- Die organisasie kan plasings deur die publiek monitor en ooreenkomstig reageer.

**NADELE**
- Die organisasie kan te staan kom voor uitdagings soos die verspreiding van waninligting, skending van privaatheid en probleme om geloofwaardigheid te behou.
- Negatiewe publisiteit kan die organisasie se reputasie skaad.
- Dit kan sosiale ontwrigting in godsdienstige gemeenskappe veroorsaak aangesien verskillende menings en perspektiewe teenstrydig kan wees.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

3.3
- Dit sal help as 'n godsdiens sterk beleide en prosedures het wat riglyne verskaf oor hoe daar opgetree (gedrag) moet word.
- 'n Woordvoerder moet aangestel word wat kennis van die media het en wat weet hoe om die media te hanteer.
- Lidmate van die godsdiens moet mediaprotokol ken en volg.
- Godsdienste moet konfrontasie vermy en bewus wees dat daar gewoonlik verskillende kante van 'n saak is, 'Joune, myne en die waarheid'.
- 'n Oop en objektiewe benadering is beter as 'n woedende en aanvallende reaksie.
- Godsdienste kan konfronteer waar hulle voel dat hulle te na gekom is.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry**. (8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4**

4.1
- Birma (2)

4.2
- Hulle het godsdiens uitgebuit om gewildheid te verkry.
- Die militêre regering wou die saak van Boeddhisme as die enigste godsdiens in Mianmar bevorder.
- Hulle sou ondersteuning by die Boeddhistiese priesters kry.
- Boeddhistiese monnike sou hulle invloed gebruik om ondersteuning vir die militêre regering te vergroot.
- Hulle het die Rohingya as 'n 'gesamentlike vyand' geïnkrimineer en hulleself as kampvegters van Boeddhisme uitgebeeld. (8)

4.3
- Dit is die uitdrywing of doodmaak van 'n ras of godsdiensgroep om 'n nuwe gemeenskap te vorm.
- Dit is 'n stelselmatige verwydering van 'n ras of godsdiensgroep.
- Dit is om 'n sekere etniese groep burgerskap te ontsê, of die reg tot burgerskap in hulle geboorteland. (4)

4.4
- Dit is tot 'n groot mate 'n godsdienstige konflik.
- Dit is omdat Boeddhisme deur die militêre regering gebruik is om hulle regmatigheid te versterk.
- Mianmar is 'n Boeddhistiese land met Rohingya-Moslems as 'n minderheidsgroep.
- Boeddhistiese monnike het teen die Rohingya-mense gedraai en blokkeer humanitêre hulp en doen 'n beroep op sosiale en politieke uitsluiting.
- 'n Boeddhistiese aktivistegroep wat bestaan uit monnike en leke, stook die geweld op.
- Die internasionale media stem saam dat die Rohingya as 'n Moslem-minderheid onder godsdienstige vervolging gebuk gaan deur die toedoen van die Boeddhistiese meerderheid.

**OF**

- Godsdiens dra in 'n mindere mate by.
- Dit is ook 'n politieke en etniese konflik.
- Die regering het teen ander groepe soos Kokang en Panthay gediskrimineer.
- Die Rohingya was vir generasies geduldig, maar die vervolging het eers met die militêre regering begin.
- Dit is duidelik omdat die militêre regering Rohingya-burgerskap geweier het.
- Boeddhisme leer verdraagsaamheid. Die politieke veranderinge het die konflik veroorsaak.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.5
- Ingryping deur internasionale gemeenskappe is noodsaaklik om menseregte te eerbiedig.
- Internasionale organisasies kan enige menseregteskendings beter blootlê, waar plaaslike organisasies dalk vergelding van die militêre regering kan vrees.
- Hierdie konflik het gelei tot die vervolging en ontworteling van minderheids-godsdienstige groepe wat fundamentele menseregte skend. Internasionale ingryping kan help om te verseker dat menseregte beskerm word.
- Internasionale ingryping kan help om vrede en stabiliteit te bevorder aangesien hierdie konflik verreikende gevolge gehad het, hele streke gedestabiliseer het en toestande vir verdere geweld geskep het.
- Internasionale gemeenskappe het 'n morele en wetlike plig om in te gryp om die gruweldade te stop.
- Die internasionale gemeenskap het toegang tot 'n groot aantal hulpbronne om die Rohingya-Moslems te help om hul lewens te herbou.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

4.6
- Alle faksies (groepe) wat oorlog maak, moet ontwapen word.
- Hulle moet 'n regering van nasionale eenheid (RNE) stig wat alle groepe van die samelewing moet insluit.
- Grondwetlike beskerming vir almal.
- Alle korrupsie en vooroordeel deur regeringsamptenare moet blootgestel en gestraf word.
- Regsmiddele teen diskriminasie en haatspraak.
- Die staat moet 'n sekulêre benadering aanneem en alle godsdienste ewe veel beskerm.
- ’n Forum vir godsdienstige leierskap moet gestig word sodat alle godsdienste met die regering kan kommunikeer.
- 'n Onafhanklike regstelsel moet gestig word.
- Stigting van 'n Waarheids en Versoeningskommissie

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry**. (10)

4.7
- **JA**

- Die regering van Mianmar diskrimineer teen minderheidsgroepe in hulle land.
- Daar is is menseregteskendings wat gepleeg word wat deur die militêre regering volgehou word.
- Die regering moedig burgerlike onrus in die land aan deur 'n groep te ondersteun wat mense in minderheidsgroepe aanval en doodmaak.
- Die regering het nie daarin geslaag om sommige van hulle burgers te beskerm en te erken nie.
- Meer as 1 miljoen mense is ontwortel as gevolg van diskriminasie en vervolging en die regering het niks gedoen om te help nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 5**

5.1 5.1.1
- Dit beteken dat mense in staat moet wees om verskillende godsdienste en hulle oortuigings as geldig moet aanvaar en verstaan.
- Dit is die vermoë om geestelike waardes, oortuigings en praktyke, wat anders as jou eie is, te waardeer. (2)

5.1.2
- Volgens die uittreksel het moderne menseregte in Europa begin in reaksie op die konflik deur die Protestantse Hervorming en die Katolieke Teenhervorming veroorsaak.
- Menseregte is aangeneem as 'n grondslag vir vrede, lewe en wette wat konvensionele godsdiens uitgesluit het. (4)

5.1.3
- Die Hervorming het tot die vestiging van Protestantisme gelei, 'n nuwe vertakking van die Christendom.
- Dit het tot verdeling van Westerse Christenskap gelei wat op godsdienstige, politieke en sosiale strukture oor die hele Europa en die wêreld in die algemeen 'n impak gehad het.
- Die Hervorming het die godsdienstige eenheid van Westerse Christendom beëindig wat tot godsdienstige diversiteit en konflik gelei het.
- Dit het ook gelei tot die opkoms van sekulêre wêreldbeskouings

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry** (4)

5.2 **VOORBEELDE:**

**Vryheid van diskriminasie**
- Jy het 'n verantwoordelikheid om hierdie reg vir beide jouself en ander te handhaaf/onderhou.
- Jy mag nie teen ander op die basis van ras, kleur, geslag, taal of politieke opinie diskrimineer nie.

**Die reg op onderwys/onderrig**
- Jy het die verantwoordelikheid om klasse by te woon.
- Jy het die verantwoordelikheid om 'n hardwerkende leerder/student te wees wat die werk en studie doen wat vereis word.

**Die reg op 'n huwelik en gesin**
- Jy het die verantwoordelikheid om gesinslewe te ondersteun en te bevorder, veral jou eie.
- Jy het die verantwoordelikheid om nie op enige wyse op te tree wat tot die opbreek van 'n gesin sal lei nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.3
- Godsdienstige organisasies kan werkswinkels hou om mense oor menseregte bewus te maak.
- Neem aktief deel aan aktiwiteite wat die skending van menseregte voorkom, bv. xenofobie.
- Hou intergodsdienstige konferensies om vryheid van aanbidding te bevorder.
- Beplan en organiseer aktiwiteite wat menseregteskending uitlig, bv. vroue- en kindermishandeling.
- Vorm forums wat as waghonde in gemeenskappe sal optree om te verseker dat geweld aan die relevante mense gerapporteer word.
- Werk saam met die media om menseregte te bevorder.
- Veroordeel dade van haatspraak, geweld en diskriminasie in die naam van godsdiens in die openbaar.
- Maak plekke van aanbidding toeganklik en verwelkomend vir almal.
- Daag tradisies uit wat menseregte skend, soos kinderhuwelike, vroulike genitale verminking of kaste-gebaseerde diskriminasie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

5.4 5.4.1 **Voorbeeld 1: Christenskap**
- 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met jou hele verstand.'
- Hierdie lering dien as die kernbeginsel om 'n regverdige lewe te lei, wat liefde vir beide God en ander prioritiseer.
- 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'.
- Dit is opgesom as die Goue Reël met die klem op vergifnis en diens aan ander.

**Voorbeeld 2: Afrika Tradisionele Godsdiens**
- 'Die voorouers is die bewaarders van goedheid en moraliteit.'
- Mense moet streef na goeie handelinge, met sterk klem op gemeenskapsharmonie.
- 'Umuntu ngumuntu ngabantu.'
- Hierdie lering lê klem op eenheid en onderlinge verbondenheid van mense in die gemeenskap en moedig harmonie en respek onder mekaar aan.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry**. (8)

5.4.2 **Voorbeeld 1: Boeddhisme**
- Boeddhisme onderrig die Agtvoudige Weg om Nirwana te bekom.
- Die Agtvoudige Weg moedig almal aan om vir geestelike vervulling te werk, ongeag die spesifieke godsdiens. Dit is godsdiensvryheid in praktyk.
- Boeddhisme verwerp nie ander godsdienste nie.
- Dit beteken dat onder alle godsdienste in die wêreld daar klein verskille in hulle onderskeie leringe en praktyke is, dus word godsdiensvryheid bevorder.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Voorbeeld 2: Islam'**

- Laat hy wat wil glo, so doen en laat hy wat nie wil glo nie, so doen.'
- Dit moedig burgers aan om die reg op vryheid van denke en uitdrukking uit te oefen.
- Die Koran sê: 'Daar is geen dwang in godsdiens nie.'
- Mense het vryheid van oortuiging omdat dit onmoontlik is om mense te dwing om in iets te glo.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

5.5
- Die doel van die Heilige Kantoor was om te probeer om Katolieke oortuigings en praktyke suiwer te hou deur mense wat nie 'n ortodokse weg gevolg het nie, te vervolg.
- Die hof is deels gestig om te verseker dat bekeerlinge tot Katolisisme uit Judaïsme en Islam werklik so was.
- Indien daar 'n vermoede was dat 'n persoon nie werklik 'n Katoliek is nie, is hulle deur die Spaanse Inkwisisie verhoor. (6)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African